NOTULE
ALGEMENE JAARVERGADERING
19 MEI 2011
Piketberg Skougronde, Piketberg

1. Opening en verwelkoming

Die voorsitter heet almal welkom en Jacobus Smit open met gebed. Spesiale welkom aan gaste (Mutual & Federal) wat ook die borge is vir die dag is.

Daar is nie ‘n kworum van lede teenwoordig nie en in so ‘n geval bepaal die konstitusie dat daar weer ‘n Spesiale Vergadering gehou moet word. Op so ‘n Spesiale Vergadering is die aantal lede wat opdaag ‘n kworum, ongeag hoeveel lede teenwoordig is. Die vergadering besluit om voort te gaan. Daar sal dan ‘n volgende vergadering gereël word waar die besluite en die notule van hierdie vergadering, goedgekeur sal word.

Teenwoordigheidslys beskikbaar as aanhangsel 1. Teenwoordig op vergadering : 42 lede. Verskonings is ontvang van 99 lede.

2. Goedkeuring van vorige notule

Notule van vorige jaarvergadering (2 September 2010) word voorgehou aan vergadering. Die notule word deur die vergadering aanvaar en goedgekeur, so voorgestel deur Jean Kotze en gesekondeer deur Marius Huysamer.

3. Finansiële verslag

‘n Geouditeerde finansiële verslag word deur Q Marriano (Roelof Oosthuizen Ingelyf) aan die vergadering voorgelê. Daar word op gewys dat die inkomste gegroei het a.g.v. ‘n vermeerdering in lede asook uit die werksaamhede van die brandspanne. Daar is ook ‘n beduidende daling in slegte skulde, hoewel daar steeds uitstaande debiteure is. Daar word ook daarop gewys dat salarisse ‘n kleiner uitgawe is a.g.v. die bydrae wat vanaf WoF daarvoor aangewend word.

Die finansiële verslag word deur die vergadering aanvaar en goedgekeur.

4. Verkiesing van Voorsitter en Onder- Voorsitter

Voorsitter : Vergadering herkies huidige voorsitter, Peter Dorrington as voorsitter vir 2012/2013

Onder voorsitter : Vergadering herkies huidige onder voorsitter, Rudolf Andrag as onder voorsitter vir 2012/2013.

Uitvoerende Komiteelede : Sal deur onderskeie eenhede aangewys word en aan Charl deurgegee word vir verspreiding onder lede.

5. Voorlegging van gewysigde grondwet *(Sien Aanhangsel 2)*

Rudolf Andrag doen ‘n voorlegging rondom die redes vir die wysiging van die huidige grondwet. Die nodigheid het ontstaan omdat die vereniging aansienlik gegroei het en die dag tot dag bestuur daarvan aansienlik verander het.

Volgens die vorige grondwet moet daar ‘n 40% kworum wees voordat die grondwet verander mag word, dus word die wysigings slegs nou aan die vergadering voorgelê, en sal ‘n Spesiale vergadering met gereël word om die wysiging goed te keur.

Die volgende voorstelle is deur lede gemaak vir die wysiging van die grondwet :

- Behoefte vir Dagbestuur het ontstaan omdat dag tot dag bestuur gegroei het. Die funksie van die komitee is onder andere om Charl by te staan in sekere dag tot dag bestuur en besluite. Die vergadering aanvaar dit so.

- Die persone teenwoordig op ‘n jaarvergadering is die kworum, tydens stemming sal die kworum 1 lid meer as 50% van die vergadering wees.

- ‘n Voorstel word gemaak dat mosies vooraf voor vergadering ingedien word en gesirkuleer word. Die rede vir ‘n spesiale vergadering asook die agenda moet ingesluit word by die kennisgewing van die vergadering.

- ‘n Voorstel word gemaak deur Jakobus Smit rondom 2 aspekte nl:
    - Die betrokkenheid en ondersteuning van die GCBBV by afhandeling van brand eise van lede;
    - Die Brandwet van 1998 moet dmv breër Brandbeskermingsverenigings in die land poog om die samewerking met Versekeringsmaatskappy te verbeter.

6. Goedkeuring van gewysigde grondwet

Die wysigings word bespreek en duidelik aan die vergadering gestel dat dit slegs ‘n bespreking is, en dat die gewysigde grondwet tydens ‘n Spesiale Vergadering weer voorgelê sal word en dan, indien so voorgestel, goedgekeur sal word.

7. Voorlegging vir die verhoging van ledegeld en goedkeuring

‘n Verhoging van 8% in ledegeld met ingang 2012 / 2013 boekjaar word deur die vergadering aanvaar en gesekondeer deur Joepie Burger. Almal aanvaar dit so en nuwe tariewe sal vanaf 2012/2013 boekjaar gehef word.

8. Wysiging van reëls en regulasies

Geen wysigings word voorgestel nie, bly dus soos dit is.

9. Kromrivierkloof : Gevalle studie

'n Voorlegging word gedoen deur Rudolf Andrag rondom werksaamhede in die Kromrivierkloofeenheid en verduidelik hoe die groep grondeienaars suksesvol saamwerk tov brandbestryding. Basies behels dit dat samewerking gekoördineerd plaasvind, almal betrokke dra finansieel by tot die aktiwiteit, gereelde terugvoering is noodsaaklik, kan nie brandbestuur doen sonder die nodige toerusting en mannekrag nie.

10. 5de Internasionale Wildfire Konferensie

Peter Dorrington gee terugvoer oor konferensie wat deur hom en Charl du Plessis bygewoon is te Sun City in Mei. Hy bedank ook die GCBBV vir die geleentheid om dit te kon bywoon.

11. Werksaamhede van die GCBBV/WoF span

Andre de Witt gee 'n verslag van die werksaamhede van die brandspanne. Dit is duidelik uit sy verslag dat die brandspanne baie goeie werk doen ten spyte van uitdagings soos 'n behoefte aan 'n addisionele voertuig.

12. Jaarverslag 2010 – 2011

Charl beklemtoon weereens die belangrikheid van die samewerkingsooreenkoms met WoF. 'n Voorstel word ingedien dat nie-lede gedwing word deur versekeraars om aan te sluit as lede indien daar om versekering aansoek gedoen word.

13. Voorgestelde minimum standaarde vir brandbestrydingspersoneel in die Wes Kaap.

Hein Munnik, Adjunk Direkteur van Brandweerdienste – Wes-Kaap verduidelik dat die standaarde ingestel word om die grondeienaar te beskerm teen eise van werknemers. Hy maak dit duidelik dat die FPA dien as adviesforum vir die samestelling van regulasies rondom minimum standaarde. Konsep Regulasies sal aan die GCBBV gestuur word vir kommentaar.

14. Mutual & Federal Brandversekering Produkte en Prosesse met afhandeling van brandeise.

Corien Bornman en Jacques Theron (MF) doen 'n aanbieding rondom nuwe brandversekering. Hulle word deur Peter Dorrington bedank.

15. Afsluiting

Die Voorsitter doen bedankings en die vergadering verdaag vir middagete om 13h20.